

Maandag 13 Februarie

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:18

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:18

Word voortdurend met die Gees vervul

Waar soek jy jou toevlug tydens spanning, verveling, eensaamheid of frustrasies? Waar soek jy jou rus en sekerheid in 'n onrustige en onseker wêreld? Die keuse is tussen 'n vol wees met wat die sondige wêreld bied (wyn) of die vol wees met die Gees van God.

Die waarskuwing van die teks bly aktueel. Die gebruik van verslawende middels neem in ons samelewing vaste vorme aan onder alle lae van die bevolking, ryk en arm, jonk en oud. Teenoor die leeg lewe met sy ydele vulling plaas Paulus die vol wees met die Gees. Om met die Gees vervul te word, is eerstens 'n gawe. God wil dit vir ons gee. God wil ons seën met alle geestelike seëninge in Christus. Hy wil ons ten volle laat geniet van die liefde en krag van die verbondsomgang met Homself.

Ons moet ook voortdurend vir God om sy genade en die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word. Dan is jy vol ware kennis, geregtigheid, heiligheid wat 'n sinvolle lewe ken-merk.

Om met die Gees vervul te word, is tegelyk ook 'n opdrag. 'n Opdrag waarmee ons tydens hierdie lewe nooit klaar sal kom nie. Ons moet geestelik bly groei. Dit beteken dat ek daagliks met die Woord van God moet omgaan, dit lees, oordink en toepas. Ek moet die woorde van God in my opneem, uit die Woord lewe, my deur die Woord laat vul en lei.

Om met die Gees vervul te word, vra dus voortdurende gebed, geloofs-oefening en selfverloëning. Langs die pad wil die Gees jou vul, sodat jy werklik geesdriftig kan lewe, bly, dankbaar en diensbaar in God se koninkryk.

Sing: Skrifberyming 27(12-2):4

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)